Geopende Deure

# GEBEDSKALENDER



April 2026

"Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."
JOHANNES 3:16 (2020)

# Volg ons op die 'YouVersion Bible App'!

HOLY BIBLE

**Gebruik die toepassing om ons dagstukkiereekse te bekom. Laai dit hier af: https://tinyurl.com/3ty4u9dt**

## Open Doors Southern Africa

Follow

Over 388 million Christians suffer persecution and discrimination.
They follow Jesus, no matter the cost. With your help, w...

More Info

### Featured Plan




Time of Lament - Persecuted Christians Need Justice, Healing, Protection, Hope
7 Days

English

### Plans

See all




7 Days
Time of Lament - Persecuted Christians...




9 Days
Arise Africa Devotional

# APRIL

## FILIPPYNE

**Woensdag, 1 April**

Sheila* is ŉ 17-jarige gelowige in ŉ gemeenskap in huise op stelte in die Suidelike Filippyne. Terwyl sy ŉ siekte deurmaak, word sy ook vervolg. Bid vir genesing en deursettingsvermoë.

**Donderdag, 2 April**

Sheila se bure in die Suidelike Filippyne spot en verwerp haar. Bid dat die dissipelskap-opleiding wat sy en ander van Geopende Deure ontvang het, hulle sal toerus om sterk te staan.

**Goeie Vrydag, 3 April**

Wanneer ons Christus se opoffering op Goeie Vrydag onthou, bid dat ons vervolgde familie sal weet hoeveel hulle Verlosser hulle liefhet.

**Heilige Saterdag, 4 April**

Terwyl ons voorberei om die opstanding te vier, laat ons bid vir beskerming teen aanvalle wanneer gelowiges in hulle plaaslike kerke bymekaarkom.

**Paassondag, 5 April**

"Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan..." Prys die Here! Bid vandag, op Paassondag, dat vervolgde Christene die hoop en vrede wat Christus se opstanding bring, sal aangryp.

## NOORD-KOREA

**Maandag, 6 April**

Ons kan nie name of liggings gee nie, maar ons weet dat die owerhede in Noord-Korea hierdie jaar talle Christene gearresteer het. Bid vir volharding.

**Dinsdag, 7 April**

God is ŉ *"toevlug in tye van nood; Hy sorg vir dié wat op Hom vertrou"* (Nahum 1:7). Bid hierdie beloftes vir gelowiges in ŉ oorvol tronksel in Noord-Korea.

**Woensdag, 8 April**

Vra God om tasbare herinneringe van sy teenwoordigheid en krag te bring aan getroue gelowiges in Noord-Korea wat geestelik uitputtende en moontlik gewelddadige ondervragingsessies in die gesig staar.

*Sheila en haar dissipelskap-groep.*



**Donderdag, 9 April**

Bid vir gesinne wat deur arrestasies in Noord-Korea uitmekaar geskeur is, veral kinders wat nou dalk sonder ouers sal grootword. Bid vir hulle voorsiening en vrede wat alle menslike verstand te bowe gaan.

**Vrydag, 10 April**

Bid dat die wagte, ondervraers en Noord-Koreaanse amptenare deur Christene se getuienis aangeraak sal word en hulle tot Christus sal wend.

**Saterdag, 11 April**

Bid vir die ondergrondse Kerk in Noord-Korea, dat dit stil en moedig sal aanhou groei, selfs in die skaduwee van vrees.

**Sondag, 12 April**

Onthou vandag dié in die tronk asof jy saam met hulle in die tronk is, en dié wat mishandel word asof jy self ly (Hebreërs 13:3).

## SOEDAN

**Maandag, 13 April**

Terwyl verskriklike beelde en video's van Soedan se oorlog uitkom, bid saam met ons familie waar die Kerk ŉ ongewenste minderheid is. Bid vir God se wysheid en krag.

*ŉ Vlugteling in ŉ ontwortelings-kamp in Soedan.*



**Dinsdag, 14 April**

Bid by die naam vir genl. Abdel Fattah al-Burhan en genl. Mohamed Dagalo (Hemedti), leiers van die strydende faksies. Bid dat God se Gees in hulle harte en gedagtes sal werk.

**Woensdag, 15 April**

Bid dat baie mense hulle met berou tot Jesus Christus sal wend en Hom as hulle persoonlike Verlosser sal aanneem. Bid dat hulle Christene sal vind wat hulle sal ondersteun.

**Donderdag, 16 April**

Bid Psalm 113 oor Soedan – dat God die *"armes uit die stof sal ophef"*. Vra God om op verskeie maniere verligting te bring vir die miljoene Soedannese wat in hongersnood vasgevang is.

## SIRIË

**Vrydag, 17 April**

Dit is een jaar sedert die Siriese regering geval het, en kerkleiers vertel ons dat Christene in ŉ klimaat van vrees leef. Bid vir hulle beskerming en vrede.

**Saterdag, 18 April**

Gewelddadige woorde met dreigemente om Christene dood te maak, is op kerkmure en in Christelike gebiede in Sirië geskryf. Bid dat gelowiges sal aanhou om krag te vind om in hierdie omgewing te volhard.

 **Name verander weens veiligheidsredes.*

ȟ Siriese gelowige, Jouan*, en sy ma bid saam.



**Sondag, 19 April**

Prys die Here! Pastoor Razzok van Homs berig dat sommige nie-Christene nou meer ontvanklik is vir die Christendom: "Hulle sien dat die Christendom vrede bring." Bid vir herlewing.

> **"Hulle sien dat die Christendom vrede bring."**
>
> —PASTOOR RAZZOK VAN SIRIË

**Maandag, 20 April**

Bid dat die Kerk in Sirië maniere sal soek om sout en lig vir Moslems te wees. ȟ Kerkleier van Aleppo deel: "Ons het ȟ groot geleentheid om te wys wie die ware Christene is."

## COLOMBIË

**Dinsdag, 21 April**

Bid vir Colombiaanse gelowiges wie se lewens en lewensbestaan bedreig word. Onlangse aanvalle op kerke het Christene gedwing om na veiliger gebiede te trek.

**Woensdag, 22 April**

Bid dat ontwortelde Colombiaanse pastore en leiers krag, voorsiening en beskerming sal vind, waar hulle ook al skuiling gevind het.

**Donderdag, 23 April**

Laat verlede jaar het ekstremiste by ȟ kerk in Colombië ingebreek, beheer van die gebou oorgeneem en dit vir etlike dae beset. Daar is nie meer ȟ kerklike teenwoordigheid in die dorp nie. Bid vir vreesbevange gesinne.

**Vrydag, 24 April**

Bid dat gesinne wat hulle huise en lewensbestaan in Colombië verloor het, spoedig hulp sal ontvang en hulle lewens weer sal kan opbou. En bid dat kerke sal aanhou om hulle lig te laat skyn.

## INDONESIË

**Saterdag, 25 April**

Ontmoet en bid saam met Ricky, ȟ nuwe gelowige van Papoea, Indonesië. Ricky het gedink hy is ȟ Christen tot ons vennote hom ȟ paar moeilike vrae gevra het. Bid saam met hom terwyl hy vir vervolging voorberei. Waar hy woon, kan dit hom in gevaar stel om Islam te verlaat en Jesus te volg.

*Ricky, ŉ nuwe gelowige in Indonesië.*



**Sondag, 26 April**

Ricky was opgewonde om sy eerste Bybel ooit te ontvang, wat deur jou ondersteuning en gebede moontlik gemaak is. Bid dat hy vertroosting, wysheid, krag en vrede in God se Woord sal vind.

**Maandag, 27 April**

Bid saam met pastore wat aan ŉ tweedaagse seminaar in Jayapura-stad, Indonesië, deelgeneem het. Die opleiding het baie mense, soos pastoor Sudin, se ywer vir evangelisasie hernuwe. Bid terwyl hulle hul kerke leer om die Groot Opdrag te volg.

**Dinsdag, 28 April**

Pastoor Isak Deda van Indonesië het pastore aangemoedig om waaksaam te bly teen die "voortdurende proses van Islamisering in ons stad" en om hulle gemeentes te versterk. Bid vir kerkleiers terwyl hulle die veranderende landskap navigeer. Bid vir wysheid, insig en medelye terwyl hulle hul kerke lei.

**Woensdag, 29 April**

Bid dat ons plaaslike vennote die vrug van hulle arbeid in veranderde lewens in Indonesië en regoor die wêreld sal sien. God, ons bid dat ons vennote se pogings gelowiges sal help om selfversekerd in hulle roeping te groei.

> **"Hierdie seminaar het my passie vir evangelisasie opnuut aangewakker."**
>
> **—PASTOOR SUDIN VAN INDONESIË.**

**Donderdag, 30 April**

Bid dat hele gemeenskappe in Indonesië Christus sal ontmoet deur die getuienis van mans, vroue en kinders wat weier om op te gee – selfs al kos dit hulle alles. Bid vir vrymoedigheid en onderskeidingsvermoë terwyl hulle hul geloof deel.

**Name verander weens veiligheidsredes.*

Geopende Deure

Geopende Deure Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129